TERUGVOER AAN ACORN AGRI & FOOD BELANGHEBBENDES

NOVEMBER 2018

Geagte Acorn Agri & Food Belanghebbende,

Dit is vir my ‘n voorreg om terugvoer te gee rakende die verwikkelinge van die onlangs saamgestelde Acorn Agri & Food-besigheid, asook ons toekomstige vooruitsigte van die besigheid met u te deel.

Die onlangse samesmelting van Acorn Agri en Overberg Agri om Acorn Agri & Food te vestig, versterk ons vermoë om ons visie te verwesenlik, waarvolgens ons 'n nalatenskap van volhoubare waarde vir alle belanghebbendes skep deur die bedryfs- en beleggingsvennoot van keuse in die Suid-Afrikaanse landbou- en voedsel waardeketting te wees.

Ons wil u graag bedank vir u ondersteuning tydens die samesmelting. Ons sal voortgaan om die weg te baan vir gesamentlike voorspoed en volhoubaarheid ten einde 'n positiewe bydrae tot voedselsekerheid en landboustabiliteit vir ons land en sy mense te lewer. Met ‘n duidelike strategie en gemotiveerde bestuurspan, is ons verseker dat die strategiese doelwitte vir die besigheid bereik sal word.

‘n Gedifferensieerde strategie, gerugsteun deur eeu-oue geskiedenis van volhoubare besigheid, sal die basis vorm waarop ons sal bou. Verder bied ons unieke vertikaal geïntegreerde posisie in die landbou- en voedselbedryf en gekombineerde bedryfs- en beleggingskundigheid, ’n innoverende benadering tot besigheid en toekomstige verkrygings. Ons streef na toenemende diversifikasie deur ‘n kombinasie van subsektor-, streeks-, kommoditeits- en uitvoerverdienste, wat sodoende siklisiteit en risiko verminder. Dit is veral in die gesondheidsvoedselsektor waar ons ons posisie versterk en waar ons op groeigeleenthede in dié mark wil kapitaliseer.

Voortaan sal Acorn Agri & Food die kapitaal aan ons toevertrou oordeelkundig aanwend, deur die bestuurspanne van portefeuljemaatskappye strategies en operasioneel te ondersteun en te ontwikkel ten einde maksimum waarde te skep. Daarbenewens stel ‘n sterk balansstaat en verhoudingsgebaseerde netwerke ons in staat om die uitmuntendheid van die groep na te streef. Die groter geamalgameerde Acorn Agri & Food bied ook verder beter geleenthede vir diversifikasie en skaalvoordele binne die landbou- en voedselwaardekettings.

Dit alles gesê, bly Acorn Agri & Food gefundeer op goeie menseverhoudings, wat nie ondermyn sal word in ons interaksie met ons belanghebbendes nie. Die personeel van Acorn Agri & Food het 'n passie vir die besigheid en streef daarna om betroubare verhoudings met alle belanghebbendes te bou. Billikheid en deursigtigheid is kernwaardes waarteen ons graag gemeet word. Ten einde toekomstige sukses te verseker, handhaaf ons 'n ondersteunende rol teenoor ons produsente, beleggers, kliënte, portefeuljemaatskappye en verbruikers.

Ons besigheidsfokus en planne behels die volgende:

Registration No. 1998/001018/06
Unit C2 The Beachhead, 10 Niblick Way, Somerset West, 7130, South Africa
T. +27 (0) 21 852 2887 F. +27 (0) 21 852 3161 www.acornagri.com

Board of Directors:
YJ Visser (Chairman), DG de Kock (Vice Chairman), LE Coetzer, P Malan, JB McGrath, AC Neethling, CA Smith, AJ Uys (CEO), DCH Uys, MR van Breda, JH van der Merwe

Agri-insette en -dienste:

Hierdie pilaar inkorporeer al die portefeuljemaatskappye wat betrokke is by die verskaffing van insette en lewering van dienste aan landbouprodusente. Dit sluit onder meer Overberg Agri, Overberg Wealth & Risk, Procuro Grain, Agpack, Boltfast en 'n minderheidsbelang in BKB in.

Alhoewel die oes in die Overberg- en Swartland-streek ons verwagtinge oortref het, kan die impak van die laer reënval in die Swartland-gebied gedurende die vorige seisoen en die jaar tot datum in die Suid- en Oos-Kaap nie geïgnoreer word nie.

Die huidige platform bied die potensiaal om opwindende geleenthede na te streef en om geografies uit te brei deur beide organiese groei en strategiese samesmeltings en verkrygings. Strategiese verkrygings in die landbou-inset sektor wat voordeel kan trek uit ons huidige voetspoor en kliëntebasis word ook nagestreef.

Agri Insette: Brandstof

Hierdie pilaar bestaan uit die verkryging en verskaffing van brandstof en brandstof bymiddels aan kleinhandel- en kommersiële kliënte (insluitende landbouprodusente). Brandstof is 'n aansienlike deel van die insetkoste van landbouprodusente. Hierdie divisie bestaan tans uit Moov Fuel.

Ten spyte van dalende volumes in hierdie sektor as ‘n geheel, het Moov Fuel se volumes, markaandeel en winsgewendheid gegroei. Hierdie afdeling bied opwindende geleenthede vir integrasie en stabiele groei namate die Suid-Afrikaanse ekonomie herstel.

Vars vrugte:

Die vars vrugte pilaar behels die produksie en bemarking van vars vrugte, veral tafeldruiwe en sagte sitrus, hoofsaaklik na die uitvoermarkte en bestaan uit ACG Fruit.

ACG Fruit is aanvanklik verkry met die wete dat 'n omvattende omkeerstrategie geïmplementeer moet word om die onderneming winsgewend te maak. Ten spyte van die feit dat ACG meer uitdagings en kompleksiteite gehad het as wat ons verwag het, is aansienlike operasionele vordering gemaak. Bestuur is besig om 'n omvattende plan te finaliseer en die besigheid te hersien om sodoende winsgewendheidsvlakke te verhoog. Dit sal waarskynlik die verkoop van geteikende bates op die kort tot medium termyn insluit.

Voedselverwerking:

Voedselverwerking behels die verwerking van rou kommoditeite na verwerkte voedselprodukte en bestaan tans uit Lesotho Milling wat koring en mielies maal, asook Bredasdorp Slagpale wat slagpale geriewe bied aan kliënte.

Met verhoogde verwerkingskapasiteit en uitvoer akkreditasie, ondersoek Bredasdorp Slagpale nuwe markte in Gauteng en moontlik Afrika. Lesotho Milling ondervind 'n uitdagende jaar met beide mielie- en koringmeel se verkoopshoeveelhede en -pryse wat onder druk is weens verhoogde mededinging in die mark.

Registration No. 1998/001018/06
Unit C2 The Beachhead, 10 Niblick Way, Somerset West, 7130, South Africa
T. +27 (0) 21 852 2887 F. +27 (0) 21 852 3161 www.acornagri.com

Board of Directors:
YJ Visser (Chairman), DG de Kock (Vice Chairman), LE Coetzer, P Malan, JB McGrath, AC Neethling, CA Smith, AJ Uys (CEO), DCH Uys, MR van Breda, JH van der Merwe

Gesondheidsvoedsel:

Gesondheidsvoedsel bestaan uit die verkryging, produksie en verskaffing van gesondheidsvoedsel aan plaaslike en internasionale markte. Tans vorm Grassroots Group en Montagu Dried Fruit & Nuts deel van die pilaar.

Acorn Agri & Food streef na geleenthede vir organiese en verkrygbare groei in die wêreldwye gesondheidsvoedselsektor om die toonaangewende posisie van Grassroots en Montagu in die mark aan te vul. Ten spyte van 'n afname in verkope in die Verenigde Koninkryk, sy grootste mark, vorder Grassroots goed met die vervreemding van 'n afdeling en die voortdurende ontwikkeling van nuwe produkte en kliënteverhoudings. Montagu sal binnekort sy Montagu-handelsmerk voetspoor vergroot, deur ook aan Suid-Afrikaanse kleinhandelaars te lewer, wat die verkope aan sy franchise-netwerk aanvul.

Ten spyte van die sektorale en geografiese diversiteit van ons portefeulje, het die sukkelende Suid-Afrikaanse ekonomie steeds 'n impak op Acorn Agri & Food gehad. Van die onderliggende besighede het ook gely onder die droogte in die Suid- en Oos-Kaap, terwyl die ongunstige verbruikersomgewing ook 'n rol gespeel het. Bestuur poog om inisiatiewe te implementeer waar langtermyngroei en waarde realisering nie deur uitdagende ekonomiese toestande gekelder word nie.

Vroeër vanjaar het Acorn Agri & Food sy voorneme gekommunikeer om op JSE Beperk te lys. Die Direksie en Bestuur is gebonde aan hierdie voorneme, en het 'n aantal strategiese inisiatiewe wat nagestreef word ten einde die maatskappy ideaal te posisioneer vir notering. Makro-ekonomiese oorwegings word in ag geneem ten einde die tydsberekening van notering te bepaal. Gegewe die huidige ekonomiese en finansiële marktoestande, sal 'n waarskynlike noteringsdatum in 2020 wees.

Namens my en die Bestuurspan, wil ek u graag bedank vir u volgehoue ondersteuning tydens hierdie kort, dog opwindende, reis. Danksy u ondersteuning kan ons voortgaan om 'n volhoubare nalatenskap te kweek wat onder meer voedselsekerheid in hierdie pragtige land verseker.

Vriendelike groete

André Uys
Hoof Uitvoerende Beampte

Your trusted partner
in growth.